Bybel vir Kinders

bied aan

Jakob die Bedrieër

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: M. Maillot; Lazarus
Aangepas deur: M. Kerr; Sarah S; Alastair Paterson
Vertaal deur: Yvonne Kriel
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2021 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Het God julle familie al 'n baba gegee? Hoe opwindend! Isak en Rebekka moes dubbele vreugde gehad het. God gaan aan hulle 'n tweeling gee.

Die babatjies
het gewoel
binne Rebekka.
Wanneer sy
gebid het, het
God gesê haar
twee seuns
sal twee
nasies lei – die
jongste een sal
meer aansien hê.
Gewoonlik het die
eersgeborene meer
aansien. Ten einde laaste
is die babatjies gebore.



Die tweeling was nie identies nie. Esau, die eersgeborene, was baie harig en was 'n baie goeie jagter. Jakob het 'n gladde vel gehad en het daarvan gehou om by die huis te werk. Vader Jakob was die liefste vir Esau. Die moeder het Jakob voorgetrek.

Een dag was Esau baie honger. "Gee aan my kos" sê hy aan Jakob. "Verkoop aan my jou eersgebore reg," se Jakob. Esau was nie bekommerd oor God se beloftes aan die eersgeborene nie. Hy staan sy eersgebore reg af aan Jakob. Jakob sal nou die hoof van die familie wees wanneer sy vader sterf.

Een aand praat God met Isak. "Ek is die God van jou vader Abraham. Ek is met jou. Ek sal jou nageslag seën." Alhoewel Isak God aanbid het, het sy seun Esau met twee vroue getrou van die Hetiete, mense wat nie omgegee het vir God nie.

Isak het oud geword. "Bring asseblief vir my vars vleis." Sê hy aan Esau. "Ek sal jou dan seën." Hierdie spesiale seën gee 'n vader aan sy eersgeborene. Esau is vinnig daar weg om te gaan jag. Rebekka het gehoor wat aan Esau gesê is. Sy wil hê Jakob moet geseën word.

Rebekka het 'n plan gehad. Gou het sy die kos gekook waarvoor Isak baie lief was. Jakob het Esau se klere aangetrek en die vel van 'n bokkie om sy arms en nek gesit. Isak kon nie meer goed sien nie. Miskien kan hul hom mislei.

Jakob het die voedsel na Isak geneem. "Jy klink soos Jakob," sê Isak, "maar jou hande voel soos Esau." Nadat hy geëet het, seën Isak die seun wat voor hom kniel.

Net nadat Jakob weg is, kom Esau by Isak. "Hier die die kos," sê hy. Isak het geweet dat hy gekul is. "Ek kan die seëning nie verander nie," het hy gehuil. Esau se hart was gevul met haat. Hy het besluit om Jakob dood te maak.

Rebekka het Esau se dreigemente gehoor. "Gaan na jou oom se huis," sê sy aan Jakob, "tot jou broer vergeet het wat jy gedoen het." Isak het saamgestem dat Jacob vir hom 'n vrou moet kies uit sy moeder se familie. Jakob het
die huis verlaat.

Daardie nag het Jakob gestop om te slaap, met 'n klip vir 'n kussing. Miskien was hy alleen, miskien bang. Hy was egter nie alleen nie. God het met hom gepraat in 'n wonderlike droom.

"EK IS DIE GOD VAN JOU VADERS, ABRAHAM EN ISAK. EK IS MET JOU.
EK SAL AAN JOU HIERDIE LAND GEE.
DEUR JOU FAMILIE SAL ALLE FAMILIES OP DIE AARDE GESEëND WEES." Nadat God klaar gepraat het, het Jakob wakker geword. Hy was baie bang.

Jakob se oom Laban het hom verwelkom. Jakob was baie lief vir Ragel en het Laban sewe jaar gedien sodat hy met haar kan trou.

Maar, die aand van die troue het Laban Jakob gekul.

“Hierdie is Lea, nie Ragel nie,” het Jakob gekla. “Jy het my verkul.” “Die oudste dogter moet eerste trou.” het Laban gesê. “Trou nou met Ragel ook en dien my ‘n verdere sewe jaar.” Jakob het ingestem om dit te doen. Miskien het hy onthou hoe hy Isak en Esau verkul het.

Jakob het elf seuns gehad. Soos die jare verby gegaan het wou hy graag sy familie terugneem na Kanaan. Sy ouers was daar. Esau was ook daar, wat gesweer het om hom dood te maak.

Was dit veilig? Eendag sê God aan Jakob dat hy moet terug gaan. Jakob het sy familie en al sy besittings bymekaar gemaak om huis toe te gaan.

Wat 'n reis was dit. Esau het Jakob tegemoet gekom met vierhonderd man, maar hy het Jakob niks aangedoen nie. Hy het Jakob tegemoet gehardloop en hom omhels. Jakob en Esau was weer vriende en Jakob was veilig tuis.

Jakob die Bedrieër

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Genesis 25 - 33

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16